

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
5 Mei 1978

Onderwerp: Onder wie se heerskappy leef jy?
Pinksterdiens 2

Lees: Romeine 8 verse 5 tot 11

Teks: Romeine 8 verse 5 tot 11

Sing: Gesang 151 vers 1
Gesang 100 vers 7

“Die laaste woorde van Romeine 8 vers 4 is: ‘... ons wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees’ gee aan Paulus die geleentheid om te fokus op hierdie twee lewenswyses. Die enigste twee waarvan hy en die Woord van God weet. ‘n Mens leef óf onder die heerskappy van die vlees - dit beteken onder die heerskappy van die sonde; óf na die Gees - onder die heerskappy van die Gees.

“Daar is ‘n algemene vergissing dat as ‘n mens vry is, dat jy kan doen wat jy wil. Met ander woorde, as die Gees jou vry gemaak het, as ‘n mens in Jesus Christus vry is, dat jy kan maak wat jy wil.

Liewe Gemeente, daar is nie so ‘n vryheid nie. ‘n Mens staan in elke geval onder heerskappy. Al verskil is - en dit is ‘n geweldige verskil - onder wie se heerskappy staan jy? Leef jy onder die heerskappy van die sonde en die dood? Dit wil sê jy word gedryf deur jou eie hebsug, jou eie belang. Dit is die lewe in die vlees. Óf leef jy onder die heerskappy van die Gees?

“As jy onder die heerskappy van die vlees staan, dan is jy gebonde. Dan is jy ‘n slaaf van die sonde.

“Maar as jy onder die heerskappy van die Gees leef, is jy vry. Maar om vrygemaak te wees deur die Gees beteken nie dat jy kan doen wat jy wil nie. Nee, om vrygemaak te wees deur die Gees, is om vrygemaak te wees van die mag van die sonde, sodat jy God se wil kan doen.

“Vanaf vers 5 gaan Paulus in op die besonderhede van hierdie twee lewenswyses. Hy stel hierdie twee lewenswyses voortdurend teenoor mekaar: dit wat vleeslik is en dit wat geestelik is; wat die vlees bedink, teenoor wat die Gees bedink.

“Kom ons kyk eers na die lewe in die vlees.

“So ’n lewe bedink vleeslike dinge. Dit is gerig op selfsugtige dinge en stuur af op die dood. (Rom 8:6) In Romeine 6 vers 23 sê Paulus: ‘Want die loon van die sonde is die dood’. Wat ’n vreeslike stelling! Paulus sê ’n mens moet werk vir hierdie baas - Sonde. Jy kry van hom niks as jy nie daarvoor werk nie. Maar die ergste is, as jy hard gewerk het vir hierdie baas; as jy jou lewe in diens van die sonde gestel het, is al loon wat jy kry - die dood.

“Het u al oorweeg om selfmoord te pleeg? Dit is niks om oor skaam te voel nie. Die meeste van ons het dit al op een of ander tyd oorweeg, veral toe ons nog jonk en onervare was. Dit is sprekend van die sonde. Hierdie baas dryf jou na die dood.

“Hoeveel maal het ons nie al gesê: My lewe is nie die moeite werd nie. Weet u hoekom? Omdat ons lewe nie ten volle onder die heerskappy van God staan nie; omdat die lewe wat ons leef, vyandskap teen God is. Paulus sê: ‘... omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie. En die wat in die vlees is, kan God nie behaag nie’. (Rom 8:7,8)

“Moenie verbaas wees as jou lewe ongelukkig is, as jou lewe nie totaal oorgegee is aan Jesus Christus nie. Dit is die lewe wat Paulus stel teenoor die lewe onder die heerskappy van die Gees: ‘Want die wat vleeslik is, bedink vleeslike dinge, maar die wat geestelik is, geestelike dinge.’ (Rom 8:5) “Want wat die vlees bedink, is die dood, maar wat die Gees bedink, is lewe en vrede’. (Rom 8:6)

“Teenoor die loon wat die sonde ons gee, gee God ons wat ons nie verdien nie: die ewige lewe; ewige vrede in Jesus Christus en vrede met almal met wie jy op die lewenspad is. Dit is die vrede wat die Gees in ’n mens se lewe indra.

“Broers en Susters, waar staan u? As u onder die heerskappy van die vlees lewe, moet u nie verbaas wees as u lewe nie die moeite werd is nie. Onder wie se heerskappy leef u?

“En dan sê Paulus aan die hele gemeente: ‘julle is egter nie in die vlees nie, maar in die Gees, as naamlik die Gees van God in julle woon.’ (Rom 8:9) Paulus kyk die gemeente vierkantig in die oë en sê: Gemeente, oor julle is ek nie onseker nie. Julle is nie in die vlees nie. Julle is nie onder die heerskappy van die sonde nie. Julle is in die Gees, want die Gees van God woon in julle.

“Maar kan 'n mens 'n gemeente sommer só salig verklaar? Sou u dit doen? Is dit nie gevaarlik nie?

“Wel, Paulus doen dit meer kere. In 1 Thessalonicense 5 vers 5 sê hy: ‘Julle is almal kinders van die lig en kinders van die dag; ons is nie van die nag of die duisternis nie.’ Met ander woorde, Paulus sê vir hierdie gemeente: Gemeente, ek ken julle. Ek weet julle ken die Here, julle almal. Die Gees woon in julle.

“Hoe moet ons dit verstaan? Is daar dan nie ook ongelowiges in die gemeente nie?

“Geliefdes, Paulus kon die gemeente só aanspreek, omdat hy van dié Gemeente gepraat het, dit wil sê met die ware gelowiges. Paulus het geglo soos in die Nederlandse Geloofsbelijdenis staan: ‘Ons glo en bely 'n enige katolieke of algemene Kerk [‘katoliek’ verwys na 'n algemene Kerk, wat alle gelowiges van alle tye insluit en nie na die Rooms-Katolieke Kerk wat hierdie term valslik aangeneem het nie] wat 'n heilige vergadering is van almal wat waarlik in Christus glo, wat hulle hele saligheid in Jesus Christus verwag en gewas is deur sy bloed, geheilig en verseël deur die Heilige Gees.’ (NGB nr.27)

“Broers en Susters ons moet dit goed verstaan. Hier word gesê: die kerk is 'n vergadering van die gelowiges. Dit beteken, as iemand nie werklik sy lewe aan Jesus oorgegee het nie, behoort hy net skynbaar aan die kerk. Dit maak dus nie saak waar jy aangeneem is, óf aan watter gemeente jy behoort nie. As jy nie aan Jesus Christus behoort nie, behoort jy nie aan die Kerk van Jesus Christus nie.

“Daarom Broers en Susters, is dit nodig om selfondersoekend te vra: staan ek onder die heerskappy van die Gees? Het u, u lewe aan Jesus oorgegee? As dit waar is, dan kan ons vir u vanaand sê, dan staan u nie onder die heerskappy van die vlees nie, maar onder die Gees. En ons sê dit op grond van vers 9: ‘Maar as iemand die Gees van Christus nie het nie, dié behoort nie aan Hom nie.’ Dit beteken ook, dat as iemand aan Jesus Christus behoort, dan het hy die Gees ontvang. Daarom hoef jy nie nog na iets te soek, óf die Gees in te nooi nie. Nee, hier staan, dan is die Gees in jou. Dit beantwoord ook die vraag: het 'n mens die Gees ontvang toe jy tot geloof gekom het? Ja, Broers en Susters. Dit is juis die Gees wat jou daartoe bring om Jesus deur die geloof aan te neem; om Jesus te vertrou.

“Ek wil na aanleiding van vers 10 en 11 vir u wys op twee dinge wat die Gees in ons lewe indra: eerstens

lewe; en tweedens opstanding uit die dood. In vers 10 lees ons: 'Maar as Christus in julle is, dan is die liggaam dood vanweë die sonde, maar die gees is lewe vanweë die geregtigheid'. Paulus sê dus dat as jy Jesus aangeneem het, is jou ou lewe beëindig. Die ou lewe is dood. Jesus Christus het jou saak met God reggemaak deur in jou plek vir jou sondes te betaal en jou met sy geregtigheid te beklee. En hierdie nuwe lewe wat Jesus Christus vir jou verdien het, word deur die Heilige Gees in jou lewe ingedra.

“Wat ’n voorreg Broers en Susters! As gelowige mag ek weet dat my ou lewe in diens van die sonde reeds beëindig is. In die Heilige Gees het ek ’n nuwe lewe van God ontvang. Dit is wat vers 10 vir ons wil sê.

“Die tweede voorreg is die opstanding uit die dood. Paulus kom sê nou vir ons: ‘En as die Gees van Hom wat Jesus uit die dode opgewek het, in julle woon [en Hy woon in julle want julle het Jesus Christus aangeneem], dan sal Hy wat Christus uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon.’ (Rom 8:11)

“Paulus sê: julle het die Heilige Gees ontvang, die Gees van God wat Jesus Christus opgewek het, sal julle ook opwek.

“Broers en Susters, wat ’n troos. As ons dalk moet sterwe voor die wederkoms van Jesus, is dit nie die einde nie. Die dood is oorwin. Ons laaste vyand is vernietig. Die Gees sal ons opwek uit die dood wanneer Jesus op die wolke verskyn.

“Wat het ons vanaand geleer? Dat ons elkgeval onder heerskappy is. Maar God dank dit hoef nie onder die tirannie van die sonde te wees nie, omdat die Gees ons vrygemaak het en ons die nuwe lewe gegee het - ’n nuwe verhouding met my God en met my medemens.

“Broers en Susters, dit is die moeite werd om God na te volg.

“Amen.”

Kommentaar:

Daar is mense wat die Christengeloof spesifiek verwerp juis omdat hulle nie onder enige heerskappy wil staan nie.

As hulle maar net kan besef dat God en Jesus Christus die enigste bron van liefde, lig en lewe is. Wie dit verwerp en ’n ander pad kies, is besig om sy eie ondergang te bewerk.

'n Analogie is 'n kind se verhouding met sy ouers. Ware ouers se doel is nie om hul kinders soos robotte te beheer nie, maar om hulle te beskerm en te lei sodat hulle tot hulle volle potensiaal kan ontwikkel. Netso is 'n verhouding met God en Jesus Christus.

Wonder jy of die hiernamaals en ewige lewe werklik bestaan?

Jesus Christus is die waarheid. Hy het gesê: 'Ek is die weg en die waarheid en die lewe'. (Joh 14:6)

Jesus het vir die misdadiger, wat langs Hom gekruisig was, gesê: 'Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees.' (Luk 23:43) Dit moet dan waar wees!

Gaan lees die Nuwe Testament en let op wat Jesus Christus sê oor wat buite hierdie aardse bestaan lê en aanvaar dit as die waarheid.